# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kernboodskappe**

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes kandidate:

- die teks met begrip lees,
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word,
- inligting in die teks identifiseer, en,
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes kandidate:

- die teks met begrip lees,
- verstaan wat van hulle verwag word, en,
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3** en **4** moes kandidate:

- die teks met begrip lees,
- die opdragte verstaan,
- relevante inligting in die teks identifiseer,
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Vraag 3**),
- inligting oor ’n aspek van die teks opsom (**Vraag 4**), en,
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Vraag 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5** en **7** moes kandidate:

- die opdrag verstaan,
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer,
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk,
- punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik,
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Vraag 5**),
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Vraag 7**), en,
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes kandidate:

- die teks met begrip lees,
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word,
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer,
- (slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf,
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en,
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.


© 2017

## Kommentaar op spesifieke vrae

**Oefening 1**

**Vraag 1**

Alhoewel talle kandidate hierdie vraag reg beantwoord het, het verskeie die vraag verkeerd verstaan en geskryf wáár die fees plaasvind in plaas van hoe gereeld dit plaasvind. Dit was duidelik dat sommige gedink het "op McGregor plaas" verwys na 'n plaas met die naam McGregor. Die regte antwoord kon slegs "Jaarliks", "Elke jaar" of "Een maal 'n jaar" wees. As kandidate die teks se hele eerste sin neergeskryf het ("Die baie gewilde jaarlikse Eseltjiesrus Boekefees vind weer vanaf Vrydag 22 tot Sondag 24 Mei op McGregor plaas."), het hulle nie 'n punt gekry nie omdat hulle nie begrip getoon het nie.

**Vraag 2**

Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Kandidate wat die teks se hele derde sin neergeskryf het ("Wat hierdie boekefees so besonders maak, is dat al die geld wat gemaak word, gebruik word om donkies te help wat mishandel is."), het nie 'n punt gekry nie omdat dít die antwoord op die vraag "Wat maak hierdie boekefees besonders?" sou wees.

**Vraag 3**

Hier kon kandidate slegs "oral in die Wes-Kaap" of "Wes-Kaap" neerskryf. Die meeste het die punt gekry.

**Vraag 4**

Baie kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord, maar sommige het hulle eie insig in plaas van die inligting in die teks gebruik en verkeerdelik "Fiksie" en "Nie-fiksie" geantwoord. Hulle moet onthou hulle moet inligting uit die teks gebruik om die vrae te beantwoord.

**Vraag 5**

Kandidate wat "aaklig" of "vol pyn en lyding" en "gelukkig/veilig/versorg" geantwoord het, het twee punte verdien. Sommige kandidate het probeer om direk uit die teks aan te haal en byvoorbeeld "uit aaklige toestande gered" vir die eerste een geantwoord; hulle het nie 'n punt gekry nie. Kandidate wat "vol pyn en lyding" en dan "sonder pyn en lyding" geantwoord het, het een punt verdien.

**Vraag 6**

Kandidate kon net "Donkies" neerskryf. Talle kandidate het nie die punt gekry nie.

Algemene kommentaar:

- Kandidate moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Kandidate moet herinner word dat hoewel hulle kort antwoorde mag skryf, hulle genoeg inligting moet verskaf om te wys dat hulle die vrae verstaan.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Kandidate wat geneig is om twee of drie sinne woordeliks uit die teks oor te skryf omdat hulle hoop die korrekte antwoord gaan êrens daarin wees, moet besef dit gaan nie werk nie – hulle sal tien teen een geen punt behaal nie.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Daar is steeds kandidate wat elke vraag in hierdie oefening in die antwoord herhaal. Dit is onnodig en 'n vermorsing van tyd.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig, asseblief.


© 2017

## Oefening 2

### Vraag 7

- Die meeste kandidate het die vorm besonder goed ingevul.
- Alhoewel kandidate meestal "Februarie" reg gespel het, was daar wel 'n klein groepie wat die eerste "r" uitgelaat het.
- Dit is verblydend dat baie min kandidate die adres verkeerd neergeskryf het. Slegs 'n paar het "Bergstraat" as twee woorde geskryf of die straatnommer voor die straatnaam geskryf.
- Kandidate moet herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam staan reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Kandidate moet herinner word om adresse en datums 100 per cent reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.
- Die meeste kandidate het die foonnommer korrek neergeskryf. Slegs 'n paar het die landlynnommer in plaas van die selfoonnommer geskryf.
- Die meeste kandidate het die twee punte vir "viool" en "klarinet" gekry. Kandidate wat byvoorbeeld "klarinet" verkeerd neerskryf, verbeur die punt, want hierdie aktiwiteit toets of hulle inligting akkuraat kan oordra.
- Wanneer daar van kandidate verwag word om regmerkies by gepaste antwoorde te maak, moet hulle slegs regmerkies by die korrekte antwoorde maak. Indien hulle byvoorbeeld regmerkies by "fluit" (verkeerd) en "viool" (reg) maak, verbeur hulle die punt.
- Heelwat kandidate het die fout begaan om "haar pa" of selfs "sy pa" by "Ander" neer te skryf. Hulle moet onthou dat hulle die vorm namens die persoon invul en dus "my pa" moet skryf.
- By die laaste twee punte was die perfekte antwoord om "Ek wil musiek op universiteit (be)studeer en dan deur die wêreld reis" te skryf. Hier moes die antwoord óf 'n volsin wees óf sinvol op "My toekomsplanne" volg. Antwoorde soos "Hoop om ..." of "Wil ..." en dan die korrekte inligting het slegs een punt verdien. Kandidate wat "Sy wil ..." en dan die korrekte inligting geskryf het, het ook slegs een punt verdien omdat hulle in die eerste persoon moet antwoord.

### Oefening 3

Die kandidate wat goed gevaar het in hierdie oefening het doeltreffend verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is:

In **vraag 8** moes hulle verwys na stappe in die proses om 'n gidshond te kry. Min kandidate het genoem dat mense eerste gekeur moet word.

In **vraag 9** moes hulle verwys na stappe in jong honde se leerproses. Die meeste kandidate het redelik goed gevaar, maar sommige het probeer om sinne woordeliks uit die teks neer te skryf. Verskeie kandidate het ook na stappe wat eers later plaasvind, verwys.

In **vraag 10** moes hulle ander kategorieë honde noem en talle kandidate het al drie punte behaal. Party kandidate het vergeet om na die teks te verwys en antwoorde soos "polisiehonde" en "waghonde" neergeskryf, wat natuurlik nie 'n punt verdien het nie omdat dit nie uit die teks kom nie. Hier kon kandidate slegs die drie soorte honde neergeskryf het.

Algemene riglyne

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Kandidate moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: In **vraag 8** en **9** was dit byvoorbeeld nie voldoende om 'n enkele woord per reël te skryf nie. 'n Antwoord soos "keur" in plaas van "word gekeur" en "huis- en toiletmaniere" in plaas van "leer huis- en toiletmaniere" is onvoldoende. In **vraag 10** was enkele woorde wel aanvaarbaar.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit is onnodig om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk.


© 2017

**Oefening 4**

**Vraag 11**

- Oor die algemene vind kandidate die opsomming steeds moeilik en het hoofsaaklik twee foute begaan:

  - Verskeie kandidate het nie die opdrag deeglik gelees/verstaan nie en ’n opsomming gemaak van die rol van gidshonde in blindes se lewe in plaas van die rol van die Gidshondvereniging. As hulle opsomming glad nie die vraag beantwoord het nie, het hulle geen punt verdien nie.
  - Hulle het slegs ’n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Kandidate wie se hele opsomming ’n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, gaan hoogstens een punt verdien. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)

- Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

**Oefening 5**

**Vraag 12**

- Die meeste kandidate het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek, naamlik:

  - wie jy is, hoe oud jy is en waar jy vandaan kom,
  - jou belangstellings,
  - jou ideale vir die toekoms.

- Die kandidate wat die beste gevaar het, het die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek, gevolg deur ’n kort slotparagraaf.
- In die beste opstelle is die inligting oor die kursus op die een of ander sinvolle manier in die opstelle betrek.
- Goeie opstelle is gekenmerk deur ’n redelik formele en objektiewe toon. ’n Informele toon is nie doeltreffend in ’n opstel soos hierdie een nie.
- Twee algemene tekortkominge:

  - Dit was duidelik dat verskeie kandidate nie die woord “belangstellings” verstaan het nie. Heelwat het gedink “belangstellings” beteken prestasies of waardes of dinge wat vir hulle belangrik is (soos hulle gesin of vriende).
  - Sommige kandidate het waarskynlik slegs die inleidende paragraaf gelees en toe oor tieners en diversiteit geskryf in plaas van om die gegewe onderafdelings te dek.

- Kandidate word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Dit kan veral nuttig wees vir kandidate wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Kandidate moet herinner word om aandag te gee aan die vorm van die skryfstuk. Sommige het in plaas van ’n opstel ’n brief geskryf, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punt gehad het.
- Hierdie jaar was dit weer duidelik dat dringende aandag gegee moet word aan die skryf van sinne en die gebruik van hoofletters en punktuasie. Veel kandidate skryf paragrawe van ses of agt reëls waar al die sinne in een lang sin saamloop.

Algemene riglyne:

- Herinner die kandidate dat ’n skryfstuk uit ’n inleiding, ’n liggaam en ’n slot bestaan.
- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ’n bevredigende beeld van hul skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie. Skryfstukke wat weer ver te lank is, word net gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woorde-perk.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Dit is raadsaam dat reëls tussen paragrawe oopgelaat word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van ’n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.


© 2017

- Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor “want” en “maar” en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van ’n sin) gee.
- Dit is onaanvaarbaar om in ’n Afrikaanse skryfstuk Engelse woorde en uitdrukkings te gebruik.

Algemene foute wat aandag verdien:

- die skryf van sinne en die gebruik van volsinne
- die gebruik van hoofletters
- die gebruik van leestekens, veral punte en kommas
- die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
- die woordorde na voegwoorde soos “dat” en “omdat”
- die verskil tussen “sal” en “wil”
- die gebruik van “lyk” en “hou van”
- die gebruik van “toe”, “dan” en “wanneer”
- die gebruik van “lewe”, “liewe”, “lief”, “lyf”
- die gebruik van “so” in plaas van “dus”
- die verskil tussen “simpel” en “eenvoudig”.

Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat kandidate behoort te ken:

- na my mening
- gee om vir
- heg waarde aan
- stel belang in iets
- is opgewonde oor
- sien uit na
- gaan uit vir ete
- kuier by iemand
- luister na musiek
- verlang na iemand
- gaan na ’n plek
- bly by die huis
- kwaad vir iemand
- lief vir iets/iemand

Afrikaanse plekname wat kandidate behoort te ken:

- Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg
- Name van besienswaardighede soos Tafelberg, Robbeneiland
- Strandname soos Kampsbaai, Jeffreysbaai, Mosselbaai
- Name van lande soos Engeland, Frankryk, Duitsland, Nederland, Amerika, Kanada

**Oefening 6**

**Vraag 13**

Die meeste kandidate het hierdie twee punte behaal. Kandidate wat “nie net die mooi Afrikaans wat hy praat nie” direk uit die teks neergeskryf het, het nie ’n punt behaal nie.

**Vraag 14**

Die beste antwoord was een waarin kandidate genoem het dat Katlego se ouma vergeet het om hom by die skool op te laai en hy toe kinders na ’n koor-oudisie gevolg het.

**Vraag 15**

Hier moes kandidate noem dat Katlego wou verstaan wat sy ouma en oupa van hom gesê het en dat hy vriende met die kinders in die koor wou maak. Dit was nie moontlik om sinne net direk uit die teks neer te skryf nie.


© 2017

**Vraag 16**

Vir hierdie vraag moes kandidate noem dat Katlego besef het dat respek vir ander en familie en liefde in albei kulture belangrik is, of hulle moes sê dit was ook in sy Afrikaanse maats se huise belangrik.

**Vraag 17**

Die beste antwoord was: Ons moet ander mense vergewe.

**Vraag 18**

Hierdie vraag het insig vereis – kandidate moes noem dat die reënboog ’n simbool van Suid-Afrika se elf tale of van die verskillende kulture is. Diegene wat “Afrikaans is tog een van die land se elf tale wat ons reënboog inkleur en waarsonder die reënboog onvolledig is” direk uit die teks neergeskryf het, het nie ’n punt behaal nie.

Algemene kommentaar:

- In hierdie oefening moet kandidate nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos Oefening 1 en Oefening 3 waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin kandidate idees volledig moet uitdruk.
- Kandidate moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks gebruik.
- ’n Vraag wat een punt tel, vereis gewoonlik een feit en twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Moet verkieslik nie antwoorde met ’n voegwoord begin nie behalwe in ’n geval soos die volgende: Omdat Katlego wou vriende maak, wou hy Afrikaans leer.
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig.

**Oefening 7**

**Vraag 19**

- Dit was duidelik dat die meeste kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Talle het daarin geslaag om hulle mening oor advertensies goed uit te druk.
- Kandidate moet herinner word dat hulle hul eie mening moet gee. Sommige kandidate lewer as ’t ware kommentaar op die ses uitsprake wat gegee word eerder as om hul eie mening te stel en te bespreek.
- ’n Redelik klein hoeveelheid kandidate het verkeerdelik slegs een van die ses uitsprake wat gegee is, as onderwerp gekies en net daaroor geskryf, wat ’n negatiewe uitwerking op hul punte gehad het.
- Sommige kandidate nie lank genoeg geskryf nie, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punte het. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in Oefening 5 nie.

Algemene riglyne:

- Kandidate moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hul skryfstuk te gee:
    - Begin met ’n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hul standpunt oor die onderwerp stel.
    - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
    - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.

- Dit is belangrik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.


© 2017

- Daar word nié van kandidate verwag om in kolomme te skryf nie en hulle moet dit verkieslik nie doen nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.



© 2017

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Algemene kommentaar

In hierdie vraestel word geassesseer of die kandidate inligting in verskillende vorme kan verstaan en daarop kan reageer. Hulle moet dus vir spesifieke besonderhede luister, die korrekte inligting kan aflei en korrekte gevolgtrekkings kan maak na aanleiding van die praatjie en die drie gesprekke wat hulle hoor. ’n Groot aantal kandidate het hierdie mondelinge tekste goed verstaan en goeie punte behaal.

Wanneer dit duidelik was uit ’n kandidaat se antwoord dat hy of sy die luisterteks verstaan het, hoewel die antwoord nie korrek neergeskryf is nie of spelfoute daarin voorkom, is die punt(e) vir die vraag wel toegeken. Vir spelfoute is dus nie gepenaliseer nie, mits die woord herkenbaar is. ’n Groot aantal kandidate kon bv. die woorde krieket en fisioterapie nie spel nie, maar foute in spelling is hier nie gepenaliseer nie omdat dit geblyk het dat die kandidaat wel die inligting kon identifiseer en verstaan.

Sommige kandidate begaan spelfoute omdat hulle nie kan onderskei tussen die volgende vokaalklanke in woorde nie:

- ei-, y-, ui- en u-klanke in woorde, bv. ‘opstuig’ i.p.v. opstyg; ‘lighawe’ i.p.v. lughawe
- eu-, ie- en ei in woorde, bv. ‘seilkunde’ en ‘seulkunde’ i.p.v. sielkunde.

Daar is nie punte toegeken as Engelse woorde as antwoord gegee is nie, bv. ‘*fine*’ vir boete en ‘*prison*’ vir tronk.

Kandidate moet liewer nie die antwoorde op vrae wat op die vraestel geskryf word, eers met ’n potlood skryf en daarna oorskryf met ’n pen nie, want gewoonlik is dit dan uiters onduidelik en soms onleesbaar op die ingeskandeerde vraestelle wat nagesien word.

## Kommentaar op spesifieke vrae

**Oefening 1: Vrae 1–6**

Kandidate in hierdie oefening vaar goed as hul luistervaardighede op die vereiste standaard is, want hulle moet slegs uit twee moontlikhede kies en een regmerkie in ’n blokkie maak om te kies tussen spesifieke besonderhede wat in die teks genoem word. Hierdie eerste oefening van die vraestel het minder bevoegde kandidate ’n kans gegee om ’n aantal punte te verdien omdat hulle nie self woorde hoef neer te skryf nie. Talle kandidate het **Vraag 4** as ‘Waar’ en **Vraag 5** as ‘Onwaar’ gemerk.

**Oefening 2: Vrae 7–11**

Hierdie gesprek is oor die algemeen goed verstaan en heelwat kandidate het vir die oefening volpunte behaal. **Vraag 7** is meestal korrek beantwoord, maar vir **Vraag 8** is was daar baie kandidate wat A as die antwoord gemerk het omdat die spreker sê sy het die lekkernye ‘buite’ op ’n tafel neergesit en hulle het toe ‘binne’ en ‘buite’ met mekaar verwar. Met **Vraag 11** is daar ook dikwels gefouteer.

**Oefening 3: Vrae 12–17**

Hierdie oefening was meer veeleisend, want kandidate moes self die antwoorde (woorde of frases) inskryf, wat moeiliker is as om net regmerkies te maak. Soms is hulle nie daartoe in staat om hulle verstaanbaar in Afrikaans uit te druk nie en punte nie vir antwoorde wat die Engelse woord(e) gee, toegeken word nie.



© 2017

Sommige kandidate het vir **Vraag 14** 'streng' as antwoord geskryf in plaas van krieket. Die woord 'streng' word in die teks gebruik, maar is nie hier van toepassing nie. Soms is 'tegniek' as antwoord op **Vraag 15(iii)** gegee in plaas van taktiek.

Daar is ook gesukkel met **Vraag 16**, maar **Vraag 17** is oor die algemeen korrek beantwoord.

**Oefening 4: Vrae 18–22**

Die laaste oefening vereis langer antwoorde (meestal frases of sinne) en is die mees veeleisende van die vier oefeninge. Die kandidate wat Afrikaans goed verstaan, het goed gevaar en dikwels volpunte vir die oefening behaal. Sommige kandidate het egter gesukkel, bv. met **Vraag 19** waar van hulle hommeltuie en posduiwe met mekaar verwar het. Die spreker sê eers wat hommeltuie doen en sê daarna dat dit is wat posduiwe ook kan doen ('terugkeer na die plek waar hulle opgestyg het en self land').

Swakker kandidate het ook met **Vrae 21** en **22** gesukkel. Sommige kandidate het die antwoorde vir **Vraag 21** en **22** omgeruil en regulasies (in **Vraag 21** gevra) gegee waar hulle gevolge (in **Vraag 22** gevra) moes gee.

**Vraag 21**: Die spreker sê hommeltuie is 'onbemande' helikopters; daarom kan daar nie gesê word dit is 'n regulasie dat daar net 'een mens' op 'n slag daarin kan wees nie.

Swakker kandidate het nie die woord 'toertjies' verstaan het nie.

Dit is ook slegs korrek geneem as kandidate geskryf het dat die hommeltuig 'nie binne 10 kilometer van 'n lughawe' mag vlieg nie. Sommige het geskryf 'meer as 10 kilometer' en ander het gesê 'binne 10 kilometer van ander vliegtuie'. Dit is nie as korrek aanvaar nie.

**Vraag 22**: Sommige kandidate het 'resensie' as antwoord geskryf i.p.v. 'lisensie'.

Dit is nie korrek geneem as 'n kandidaat geskryf het 'Hulle moes R5000 betaal' nie, want die antwoord is 'n boete van tot R50 000.

Sommige kandidate kon nie 'boete' spel nie, maar hulle is nie hiervoor gepenaliseer nie.


© 2017

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

**Key messages**

In order to do well in this examination, candidates should:

- be ready to engage in a spontaneous discussion on the selected topic

**General comments**

Examiners are to be commended for putting the candidates at ease and prompting them with appropriate questions. This led to good responses and interesting conversations.

The recordings were generally of a good standard and clearly labelled.

The CDs and USB sticks were appropriately packed in covers and in padded envelopes to protect them in transit.

The marking was carried out to a satisfactory standard. As instructed, mark sheets were included and the timing of the tests followed the format required by the syllabus.

**Comments on specific questions**

**Topic Conversation**

Several topics were covered in this section of the test and most candidates were able to express themselves naturally and spontaneously. The better candidates used the cues from the bullet points on the card and expanded the conversation into related areas of specific interest to them.

Most of the candidates were confident and gave relevant explanations and answers to questions without much hesitation.



© 2017